

# kommersiële feedback

Volume 3

- Wansbeck
- Uitslag van Seamungus-toetse
- Concordia



# Wansbeck

Die plaas Wansbeck, in Agterkliphoogte, Robertson, is al vir langer as ses geslagte in besit van die Erasmus-familie. Die plaas bestaan uit 200 hektaar verboude grond -waaronder 150 hektaar wingerd, 40 hektaar appelkoos en perske, terwyl lusern op die oorblywende gedeelte gesaai word.



Hannes Erasmus, die huidige eienaar en bestuurder, het landbou en wynbou by Elsenburg in Stellenbosch gestudeer. Dit was juis terwyl hy aan hierdie beroemde instituut gestudeer het dat hy die eerste keer die konsep van biologiese boerdery teëgekomp het. Dit het die grondslag gevorm vir 'n biologiese boerderystrategie wat hy sedertdien jaar na jaar uitgebrei het, en wat die kern geword het van hoe hy sy boerdery bedryf. Op 'n navorsingsbesoek aan Australië het hy die eerste keer met Neutrog-bemestingstowwe in aanraking gekom en sedert 2001 het Neutrog-produkte 'n al

hoe groter rol in sy boerderymetodes gespeel.

Na drie jaar se toediening van Bounce Back het Hannes 'n reusetoenname in groei en opbrengs opgeleë, asook 'n toename in erdwurm-aktiwiteit en verbeterde grondstruktuur. Hy dien 500 kg/ha Bounce Back in Augustus toe en weer in Maart. "Neutrog is maklik om te gebruik omdat dit, danksy die stadige vrystellingsfaktor daarvan, slegs een keer ná die oes en een keer in die lente toegedien hoef te word", sê Hannes. Na grondbalansering en-herstelling is Neutrog die enigste bemestingstof wat toegedien word.

Omdat hy sy landbougrond wou vergroot, het Hannes so pas sy vierde plaas gekoop vir die aanplant van verdere wingerde en vrugtebome. "Neutrog is die organiese komponent in my strategie vir biologiese boerdery," sê Hannes.

Biologiese boerdery is 'n stelsel ingevolge waarvan die natuur en die wetenskap ingespan word om die gehalte van die grond op te bou, want gesonde grond is in staat om gesonde oeste en lewende hawe te lewer. Dit benut natuurlike prosesse wat goeie grond, gesonde oeste en gesonde diere bevorder.

Onder hierdie natuurlike prosesse tel: wisselbou, die beste grondbewerkingsmetodes, die saai van groen bemestingstowwe, die behoorlike benutting van diere mis, die vermindering van toksines, die bevordering van grondlewe en die balansering van grondminerale. Dit kom uiteindelik neer op die gebruik van natuurlike

stelsels om grondstruktuur te verbeter, onkruid, plaë en siektes te beheer en oesgehalte te optimaliseer. Gesonde grond handhaaf 'n balans tussen die organiese deeltjies wat as plantvoedsel dien en die lewende mikro-organismes, soos bakterieë, swamme, alge, asook die groteres, soos erdwurms. Hierdie organismes verwerk en ontbind die onaktiewe minerale wat die plante voed. Optimaal produktiewe grond bevat die perfekte balans van anorganiese minerale, organiese (koolstofgebaseerde) materiaal en lewende organismes. Dit word alles gekombineer binne 'n fisieke struktuur wat water absorbeer en behou, om die natuurlike chemiese reaksies te fasiliteer en plante behoorlik te voed.


Die biologiese benadering tot boerdery lewer grond op wat gesond en in staat is om gesonde oesgewasse te dra. Hierdie oesgewasse is ryk aan voedingstowwe, wat daarop neerkom dat hulle hoër

konsentrasies van plantsuikers, minerale en aminosure bevat en derhalwe hoër aan voedingswaarde is. Hulle word ook gekenmerk deur ander voordelige eienskappe, soos 'n langer raklewe.

Biologiese boerdery is lank nie die maklikste boerderymetode nie, maar die resultate is die moeite werd en die toepassing van 'n biologiese benadering beteken dat die natuur self altyd daar sal wees om 'n helpende hand te verleen.

Hannes het reeds sy volgende honderd ton Neutrog Bounce Back vir toediening na oestyd bestel om sy suksesvolle strategie van biologiese boerdery voort te sit.





Seamungus is 'n grond- en plantopknapper in korrelvorm wat vervaardig word deur seegras, vis, humussuur en misstof in kompos te omskep. Dit word aan 'n unieke komposmakingsproses onderwerp wat spesiaal ontwikkel is om voedingstowwe te stabiliseer, die beskikbaarheid van voedingstowwe te maksimaliseer en om te verseker dat die produk vry van enige parasiete, patogene en onkruidsaad is. Belangrikste is egter dat die eindproduk die mikrobiologie behou wat noodsaaklik vir 'n "lewende" bemestingstof is. Seamungus word ook deur die Vereniging vir Biologiese Boerdery gesertifiseer.

Die voordele daaraan verbonde om organiese stowwe soos seegras en humussuur toe te dien, is deeglik gedokumenteer. Seegras is veral bekend daarvoor dat dit natuurlike groeistimulante bevat, sowel as 'n groot verskeidenheid ander noodsaaklike elemente wat ideaal vir die bevordering van plantegroei en gesondheid is.

Baie boere gebruik Seamungus op gewasse soos wingerd, vrugte en groente, met merkwaardige resultate, ongeag of dit as 'n alternatiewe basismisstof of as aanvullende bemesting by hul bestaande bemestingprogramme gebruik word, met stewige opbrengste op hul belegging.

Vic Szabo van Sustainable Horticultural Crop Management Services is 'n onafhanklike konsultierende akkerboukundige, wat onlangs 'n aantal beheerde toetse in die Virginia-gebied van Suid-Australië gedoen het. Hierdie toetse is gedoen op aartappels, spinasie, wortels en amandels. Die

## Uitslag van Australiese Seamungus-toetse


doel van hierdie toetse was om 1 ton Seamungus per hektaar toe te dien om die uitwerking daarvan op oesopbrengs, oesgehalte en voedingswaarde te bepaal, plus die nawerking daarvan op die vlak van organiese en voedingstowwe in die grond - aan die hand waarvan die koste/voordele van die toediening van Seamungus bereken kan word.

Die aartappeltoets het klinkklare bewys gelever van die aansienlike voordele wat die toediening van Seamungus inhou. Nie net wat die reuserverbetering in oesopbrengs en die gepaardgaande behoud van die voedingstowwe van die knolle betref nie, maar veral ook wat die verbetering van die gehalte van die knolle betref. Trouens, die resultate was soortgelyk aan dié van ons ander aartappeltoetse, waarvoor in ons vorige nuusbrieff berig is.

Volgens Vic was die velgehalte van die behandelde knolle baie anders as dié van die onbehandeldes. Die velle van die behandelde knolle was glad, terwyl 'n hoë persentasie van die onbehandelde knolle growwe en gekraakte velle gehad het. Die grootte van die behandelde knolle was ook meer eweredig as dié van die onbehandelde knolle.

Die grond wat met Seamungus behandel is, het 35.4 t aartappels per hektaar gelever, teenoor die onbehandelde grond se opbrengs van 22.7 t per hektaar. Dit is 'n oesverbetering van 55.9% (sien

**Seamungus se Aartappeltoetse**



grafiek hieronder).

Hierdie aartappels is ongelukkig nie gegradeer nie, as gevolg waarvan geen uitpak-gradering en -data aangeteken is nie.

Vic som op: "Selfs met die ongunstige groeitoestande het die toets die merkwaardige voordele van Seamungus as 'n bykomende toediening vir aartappels getoon." Aangesien hierdie toets egter 'n eenmalige demonstrasietoets was, behoort soortgelyke toetse minstens nog twee keer in dieselfde streek herhaal te word. Hierdie bykomende toetse word tans onderneem.

Die spinasietoets het soortgelyke resultate met die toediening van Seamungus getoon. Vic berig daarvoor soos volg: "Die behandelde plante het 'n donkerder groen kleur as die kontroleplante ontwikkel, wat selfs teen oestyd steeds 'n ligter groen was. Die behandelde spinasie het 'n bemerkbare hoër opbrengs van ongeveer 20% gelever. Vic sluit af: "Selfs al was toestande nie ideaal vir die kweek van gewasse tydens die lente en vroeë somer nie, toon die toets nietemin voordele met die gebruik van Seamungus op spinasie, soos 'n sterker wortelstelsel, beter kleur en meer bemerkbare opbrengs."

Die amandeltoets was die enigste toets wat nie betekenisvolle ekonomiese voordele groter as die koste van die Seamungus-toediening gelever het nie. Daar was egter tog positiewe aanduidings dat die ware voordeel van die Seamungus-toediening eers in die tweede jaar sigbaar sou wees.

Vic sê: "By amandels word die pitte volgens grootte gegradeer. Hoe groter die pit, hoe beter die opbrengs vir die boer. In die klein voorbeeld wat goeies is, het die behandelde bome 22% "18-20" (die grootste), 60% "22-24" en 18% klein pitte gelever. Die

onbehandelde bome het nie enige "18-20's" gelever nie; slegs 62% "22-24" en 38% klein. Die opbrengs vir sowel die behandelde as die onbehandelde bome was dieselfde, nl. 2 600 kg per hektaar.

Dit pit-ontleding het beter vlakke van voedingswaarde in die behandelde amandels getoon, veral wat sink en kalsium betref."

Vic sluit af: "Die algehele resultate van die toediening van Seamungus op amandels het drie duidelike voordele getoon.

1. Beter vroeë groei van lote
2. Aansienlik groter pitte
3. Hoër vlak van voedingswaarde in die pitte teen oestyd

Die aansienlik groter pitte reeds in die eerste jaar het egter nie die vereiste ekonomiese voordeel ingehou om die onkoste van die toediening van Seamungus te regverdig nie.

Die 22% groot amandelpitte verteenwoordig 572 kg amandels per hektaar, wat 'n ekstra opbrengs van ongeveer 7 Aus sent per kg of Aus \$40 per hektaar verteenwoordig.

Hierdie toets sal vir 'n tweede jaar voortgesit word om enige bykomende voordele te bepaal.

Die worteltoets is ongelukkig nie voltooi nie en 'n nuwe toets het onlangs begin.

Danksy die besonder positiewe resultate van hierdie Seamungus-toetse word verdere kontroletoetse met talle ander oesgewasse, waaronder druiwe, sitrus en olywe, gedoen.



# Concordia



Die plaas Concordia is by Bonnievale naby Robertson in die Wes-Kaap geleë. Die plaas is al vir die laaste drie geslagte in die besit van die Du Toit-familie, nadat Danie du Toit se oupagrootjie dit in die vroeë 1900's gekoop het. As familiebesigheid is al die tradisies en kennis van geslag na geslag oorgedra, met Danie se seun, Dirk, wat volgende in die ry staan om die familietradisie voort te sit.

Concordia Plaas bestaan hoofsaaklik uit wingerde en vrugtebome, of 45 hektaar wingerd en 25 hektaar vrugtebome. Pruime neem die grootste gedeelte van die vrugteboorde in beslag, terwyl daar ook met 'n

paar sitrusvariëteite geboer word. Al die vrugte word uitgevoer en is van topgehalte. Die plaas se duiwe word verkoop aan die plaaslike Bonnievale Wynmakery, wat jaarliks in gewildheid toeneem.

Danie du Toit het 'n lang verbintenis met Neutrog se bemestingstowwe. Hy gebruik dit trouens al die afgelope vier jaar met indrukwekkende resultate. Danie gebruik Neutrog se Rapid Raiser by aanplanting. Hy dien 500g per boom toe en omtrent 10 weke later 500 g Bounce Back per boom as grondopknapper,

"Neutrog se bemestingstowwe bied net die regte hoeveelheid

organiese stowwe vir die grond. Dit is per slot van sake baie belangrik om iets in die grond terug te sit," sê Danie du Toit. Danksy die toevoeging van Neutrog by sy chemiese program, het Danie gevind dat sy grondstruktuur verbeter het en dat dit oor 'n groter verskeidenheid voedingstowwe beskik. Dit het op sy beurt weer gelei tot 'n beter balans van die mikrovoedingstowwe en, uiteindelik, 'n fermere en beter vruggehalte. Danie dien in die lente en weer na die oes 1/2 ton Neutrog-bemestingstowwe per hektaar toe vir sy wingerdgrond, as deel van sy program van chemiese bemestingstowwe.

Die gemak van toediening is vir Danie van groot belang. In samewerking met Neutrog het hy 'n emmerstelsel ontwerp wat agteraan 'n trekker gekoppel word. Dit maak dit moontlik om die Neutrog-korrels eweredig en akkuraat te versprei.

Danie het onlangs 30 hektaar van 'n aangrensende stuk grond aangekoop wat hy ook graag verder wil ontwikkel. Hy is gretig om Neutrog op hierdie onbenutte grond te gebruik, aangesien die grond die voedingstowwe benodig wat Neutrog-bemestingstowwe bied.

Ons hoop om Concordia in die afsienbare toekoms weer te besoek om die opbrengs van hierdie voorheen onbenutte grond te sien en om die impak waar te neem wat Neutrog-bemestingstowwe op die grond het.